Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Verwysing: 20160518-445
14/16/1/2
Navrae: Z Isaacs

Eksamenadministrasieminuut: 0002/2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distriks-kantore, Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-koördinering en -advies, Kurrikulumadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunkhoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinering, Assesserings-koördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Terugstuur van onopgeëiste sertifikate van vorige jare (vanaf 1992 tot 2014)

1. Alle rolspelers, insluitend prinsipale van hoër-/sekondêre skole, asook bestuurders van gemeenskapsleersentrums, moet asseblief daarop let dat:

   Alle onopgeëiste sertifikate ná 'n tydperk van twaalf (12) maande nadat die sentrums die sertifikate ontvang het, opgespoor en na hoofkantoor teruggestuur moet word. Sertifikate van die November 2014-eksamen wat in 2015 versprei is, moet teen 30 Junie 2016 na hoofkantoor teruggestuur word. Hierdie proses moet jaarliks herhaal word.

2. Onopgeëiste sertifikate sal vir 'n tydperk van drie (3) jaar vir moontlike afhaling deur die kandidate op 'n veilige plek by hoofkantoor bewaar word, waarna dit vernietig sal word.

3. Die betrokke rolspelers moet ook die regulasies, beleide en Umalusi-voorskrifte wat op die volgende betrekking het, nakom:

   (a) Dat onopgeëiste sertifikate een (1) jaar ná die vrystelling daarvan by verspreidingspunte afgehaal word.
   (b) Sertifikate moet as uiters kosbaar hanteer en te alle tye in veilige omstandighede bewaar word.

(c) Kandidate moet in kennis gestel word wanneer sertifikate gereed is om afgehaal te word en die verspreiding daarvan moet in veilige omstandighede plaasvind.

4. Skole word versoek om die onopgeëiste sertifikate vir die aandag van mnr Zane Isaacs by die Direktoraat: Eksamens, 5de vloer, kamer 502, Grand Central-gebou, Kaapstad, 8001 terug te stuur.

5. Hierby aangeheg is 'n klaringsertifikaat wat deur skole voltooi moet word om te bevestig dat alle sertifikate vir die jare wat aangedui word, verwyder en na hoofkantoor teruggestuur is.

6. Navrae aangaande die terugstuur van die onopgeëiste sertifikate moet aan mnr Z Isaacs by e-pos: zane.isaacs@westerncape.gov.za of faksnommer 086 514 8044 of 021 461 5637 gerig word.

7. U samewerking in hierdie verband sal hoog op prys gestel word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2016-06-07